REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 377

CAPE TOWN, 27 NOVEMBER 1996

KAAPSTAD, 27 NOVEMBER 1996

No. 17608

PRESIDENT'S OFFICE

No. 1897. 27 November 1996

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 98 of 1996: Aviation Laws Amendment Act, 1996.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1897. 27 November 1996

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 98 van 1996: Wysigingswet op Lugvaartwetgewing, 1996.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

# ACT

**To amend the Aviation Act, 1962, so as to further define or to substitute certain expressions; to make further provision in respect of the appointment of inspectors and authorized persons; to make other provision in respect of the power to make regulations; to substitute an obsolete reference; to empower the Commissioner for Civil Aviation to issue technical standards for civil aviation; and to effect certain amendments to the Convention on International Civil Aviation; to amend the Civil Aviation Offences Act, 1972, so as to further define a certain expression; to amend the Air Services Licensing Act, 1990, so as to further define certain expressions; to dispense with the power to issue operating certificates in terms of the said Act; and to restrict the power to make regulations; to amend the Airports Company Act, 1993, so as to further define a certain expression; and to substitute an obsolete reference; to amend the Air Traffic and Navigation Services Company Act, 1993, so as to further define or to delete certain expressions; and to substitute an obsolete reference; and to amend the International Air Services Act, 1993, so as to further define certain expressions; and to dispense with the power to issue operating certificates in terms of the said Act; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the President.)*
*(Assented to 12 November 1996.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 74 of 1962, as amended by section 3 of Act 12 of 1965, section 1 of Act 83 of 1969, section 1 of Act 63 of 1981, section 1 of Act 4 of 1982, section 33 of Act 115 of 1990, section 1 of Act 16 of 1992 and section 19 of Act 44 of 1993**

**1.** Section 1 of the Aviation Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of "accident" of the following definition:

" <u>'aerodrome' means any demarcated area on land or water or any building which is used or intended to be used, either wholly or in part, for the arrival or departure of aircraft, and includes any building, installation or equipment within such area which is used or intended to be used in connection with the arrival, departure or movement of aircraft;</u>";

*(b)* by the deletion of the definition of "airport";

*(c)* by the insertion after the definition "authorized officer" of the following definition:

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Lugvaartwet, 1962, ten einde sekere uitdrukkings nader te omskryf of te vervang; verdere voorsiening te maak ten opsigte van die aanstelling van inspekteurs en gemagtigde persone; ander voorsiening te maak ten opsigte van die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig; 'n uitgediende verwysing te vervang; die Kommissaris van Burgerlugvaart te magtig om tegniese standaarde vir burgerlugvaart uit te reik; en sekere wysigings aan die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart aan te bring; tot wysiging van die Wet op Misdrywe teen Burgerlike Lugvaart, 1972, ten einde 'n sekere uitdrukking nader te omskryf; tot wysiging van die Wet op die Lisensiëring van Lugdienste, 1990, ten einde sekere uitdrukkings nader te omskryf; af te sien van die bevoegdheid om bedryfsertifikate ingevolge genoemde Wet uit te reik; en die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, in te kort; tot wysiging van die Lughawensmaatskappywet, 1993, ten einde 'n sekere uitdrukking nader te omskryf; en 'n uitgediende verwysing te vervang; tot wysiging van die Lugverkeer- en -navigasiedienstemaatskappywet, 1993, ten einde sekere uitdrukkings nader te omskryf of te vervang; en 'n uitgediende verwysing te vervang; en tot wysiging van die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993, ten einde sekere uitdrukkings nader te omskryf; en af te sien van die bevoegdheid om bedryfsertifikate ingevolge genoemde Wet uit te reik; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 12 November 1996.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 74 van 1962, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 12 van 1965, artikel 1 van Wet 83 van 1969, artikel 1 van Wet 63 van 1981, artikel 1 van Wet 4 van 1982, artikel 33 van Wet 115 van 1990, artikel 1 van Wet 16 van 1992 en artikel 19 van Wet 44 van 1993**

**1.** Artikel 1 van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "gemagtigde beampte" in te voeg:

" 'gemagtigde persoon' 'n gemagtigde persoon ingevolge artikel 5(4)*(a)* aangewys;";

*(b)* deur die omskrywing van "lughawe" te skrap;

*(c)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "Suid-Afrikaanse lugvaartuig" in te voeg:

" 'authorized person' means an authorized person designated in terms of section 5(4)*(a)*;";

*(d)* by the insertion after the definition of "South African aircraft" of the following definition:

" 'technical standard', in relation to civil aviation, means any standard, including any rule, requirement, method, specification, characteristic or procedure, issued by the Commissioner in accordance with the provisions of section 22A(1) in respect of civil aircraft or aircraft components, persons engaged in any civil aviation activity and civil aviation related services, facilities or equipment;"; and

*(e)* by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) The definition of 'aerodrome' in subsection (1) shall not derogate from the ordinary meaning of the word 'airport'.".

**Amendment of section 5 of Act 74 of 1962, as inserted by section 2 of Act 16 of 1992**

**2.** Section 5 of the Aviation Act, 1962, is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(a)* designate one or more—

(i) officers in the service of the department as inspectors or authorized officers; and

(ii) persons who are not in the service of the department as inspectors or authorized persons,

whose qualifications, powers and duties shall, subject to the provisions of section 4(2) and (3), be as prescribed; and".

**Amendment of section 19 of Act 74 of 1962, as amended by section 33 of Act 115 of 1990 and section 4 of Act 16 of 1992**

**3.** Section 19 of the Aviation Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (3) of the expression "in the case of an air carrier as defined in section 1 of the International Air Services Act, 1949 (Act No. 51 of 1949), or"; and

*(b)* by the insertion after the expression "Air Services Licensing Act, 1990" in the said subsection (3) of the expression ", or in section 1 of the International Air Services Act, 1993 (Act No. 60 of 1993)".

**Amendment of section 22 of Act 74 of 1962, as amended by section 5 of Act 12 of 1965, section 3 of Act 83 of 1969, section 25 of Act 62 of 1973, section 7 of Act 4 of 1982, section 2 of Act 1 of 1984, section 5 of Act 16 of 1992, section 25 of Act 44 of 1993, section 17 of Act 45 of 1993 and section 11 of Act 16 of 1995**

**4.** Section 22 of the Aviation Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister may make regulations regarding—

*(a)* subject to section 3(1)*(a)*, the carrying out of, or the giving effect to, the provisions of the Convention and the Transit Agreement;

*(b)* the powers or the duties of the Commissioner, including the issue, the amendment or the withdrawal of technical standards for civil aviation, and the determination of the matters in respect of which such standards may be issued;

*(c)* the qualifications, the powers or the duties of authorized officers, inspectors and authorized persons;

*(d)* the designation of medical examiners for the purposes of this Act, including—

(i) the manner in which, and the person by whom, such designation may take place;

" 'tegniese standaard', met betrekking tot burgerlugvaart, 'n standaard, met inbegrip van 'n reël, vereiste, metode, spesifikasie, eienskap of prosedure, wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 22A(1) deur die Kommissaris uitgereik word ten opsigte van burgerlike lugvaartuie of lugvaartuigonderdele, persone wat by 'n burgerlike lugvaartbedrywigheid betrokke is en burgerlike lugvaartverwante dienste, fasiliteite of toerusting;";

*(d)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "vliegbaan" in te voeg:

" 'vliegveld' 'n afgebakende gebied op grond of water of 'n gebou wat, hetsy in die geheel of gedeeltelik, vir die aankoms of vertrek van lugvaartuie gebruik word of bestem is om aldus gebruik te word, en ook 'n gebou, installasie of toerusting binne so 'n gebied wat in verband met die aankoms, vertrek of beweging van lugvaartuie gebruik word of bestem is om aldus gebruik te word;"; en

*(e)* deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

"(2) Die omskrywing van 'vliegveld' in subartikel (1) doen nie afbreuk aan die gewone betekenis van die woord 'lughawe' nie.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 74 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 2 van Wet 16 van 1992**

**2.** Artikel 5 van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* wys een of meer—

(i) beamptes in diens van die departement aan as inspekteurs of gemagtigde beamptes; en

(ii) persone wat nie in diens van die departement is nie, aan as inspekteurs of gemagtigde persone,

wie se kwalifikasies, bevoegdhede en pligte, behoudens die bepalings van artikel 4(2) en (3), is soos voorgeskryf; en".

**Wysiging van artikel 19 van Wet 74 van 1962, soos gewysig deur artikel 33 van Wet 115 van 1990 en artikel 4 van Wet 16 van 1992**

**3.** Artikel 19 van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (3) die uitdrukking "in die geval van 'n lugvervoerder soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Internasionale Lugdienste, 1949 (Wet No. 51 van 1949), of" te skrap; en

*(b)* deur na die uitdrukking "Wet op die Lisensiëring van Lugdienste, 1990" in genoemde subartikel (3) die uitdrukking ", of in artikel 1 van die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993 (Wet No. 60 van 1993)" in te voeg.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 74 van 1962, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 12 van 1965, artikel 3 van Wet 83 van 1969, artikel 25 van Wet 62 van 1973, artikel 7 van Wet 4 van 1982, artikel 2 van Wet 1 van 1984, artikel 5 van Wet 16 van 1992, artikel 25 van Wet 44 van 1993, artikel 17 van Wet 45 van 1993 en artikel 11 van Wet 16 van 1995**

**4.** Artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

*(a)* behoudens artikel 3(1)*(a)*, die uitvoering van, of die gevolg gee aan, die bepalings van die Konvensie en die Transito-ooreenkoms;

*(b)* die bevoegdhede of die pligte van die Kommissaris, met inbegrip van die uitreiking, die wysiging of die intrekking van tegniese standaarde vir burgerlugvaart, en die bepaling van die aangeleenthede ten opsigte waarvan sodanige standaarde uitgereik mag word;

*(c)* die kwalifikasies, die bevoegdhede of die pligte van gemagtigde beamptes, inspekteurs en gemagtigde persone;

*(d)* die aanwysing van mediese ondersoekers vir die doeleindes van hierdie Wet, met inbegrip van—

(i) die wyse waarop, en die persoon deur wie, sodanige aanwysing mag geskied;

(ii) the suspension or the withdrawal of such designation;

(iii) the conditions, the requirements or the qualifications for such designation; and

(iv) the certificates issued by the said examiners and the conditions or the requirements for such issue;

*(e)* the designation of a body or institution for the purposes of this Act—

(i) to exercise control over medical examinations or tests and over the persons performing such examinations or tests;

(ii) to determine standards for such examinations or tests and for the training of such persons;

(iii) to issue, to amend, to suspend or to withdraw medical certificates and to keep all books or documents regarding such examinations or tests; and

(iv) to advise the Commissioner on any matter connected with such examinations, tests or persons and on the training of the persons specified in the regulations in first aid;

*(f)* the designation of a body or institution for the purposes of this Act—

(i) to exercise control over the training courses specified in the regulations, over the tests or the verifications of skill or proficiency specified in the regulations, and over the persons conducting such courses, tests or verifications;

(ii) to determine standards for such courses, tests or verifications and for the training of such persons;

(iii) to issue or to confirm certificates for the successful completion of such courses, tests or verifications, to suspend or to withdraw such certificates, and to keep all books or documents regarding such courses, tests or verifications; and

(iv) to advise the Commissioner on any matter connected with such courses, tests, verifications or persons;

*(g)* the designation of a body or institution for the purposes of this Act—

(i) to exercise control over the aviation recreational activities specified in the regulations;

(ii) to determine standards for the airworthiness or the operation of aircraft engaged in such activities; and

(iii) to advise the Commissioner on any matter connected with the airworthiness or the operation of aircraft engaged in such activities and on the licensing of persons involved in such activities;

*(h)* the designation of a body or institution for the purposes of this Act—

(i) to promote aviation safety or to reduce the risk of aircraft accidents or incidents; and

(ii) to advise the Commissioner on any matter connected with the promotion of aviation safety or the reduction of the risk of aircraft accidents or incidents;

*(i)* subject to section 12, the reporting or the investigation of aircraft accidents or incidents, including—

(i) the persons by whom or to whom such accidents or incidents shall be reported;

(ii) the procedure to be followed in reporting such accidents or incidents or in investigating such accidents or incidents;

(iii) the imposition of a prohibition, pending investigation, of access to or interference with any aircraft involved in an accident or incident and the granting of authorization to one or more persons, in so far as it may be necessary for the purposes of the investigation, to have access to such aircraft, to examine or to remove such aircraft, to take steps for the preservation thereof or to deal otherwise therewith; and

(ii) die opskorting of die intrekking van sodanige aanwysing;

(iii) die voorwaardes, die vereistes of die kwalifikasies vir sodanige aanwysing; en

(iv) die sertifikate wat deur bedoelde ondersoekers uitgereik word en die voorwaardes of die vereistes vir sodanige uitreiking;

*(e)* die aanwysing van 'n liggaam of instelling om vir die doeleindes van hierdie Wet—

(i) beheer uit te oefen oor mediese ondersoeke of toetse en oor die persone wat sodanige ondersoeke of toetse doen;

(ii) standaarde te bepaal vir sodanige ondersoeke of toetse en vir die opleiding van sodanige persone;

(iii) mediese sertifikate uit te reik, te wysig, op te skort of in te trek en alle boeke of stukke aangaande sodanige ondersoeke of toetse te hou; en

(iv) die Kommissaris te adviseer oor 'n aangeleentheid wat met sodanige ondersoeke, toetse of persone in verband staan en oor die opleiding van die persone in die regulasies vermeld in noodhulp;

*(f)* die aanwysing van 'n liggaam of instelling om vir die doeleindes van hierdie Wet—

(i) beheer uit te oefen oor die opleidingskursusse in die regulasies vermeld, oor die toetse of die verifikasies van vaardigheid of bedrewenheid in die regulasies vermeld, en oor die persone wat sodanige kursusse, toetse of verifikasies behartig;

(ii) standaarde te bepaal vir sodanige kursusse, toetse of verifikasies en vir die opleiding van sodanige persone;

(iii) sertifikate vir die suksesvolle voltooiing van sodanige kursusse, toetse of verifikasies uit te reik of te bekragtig, sodanige sertifikate op te skort of in te trek, en alle boeke of stukke aangaande sodanige kursusse, toetse of verifikasies te hou; en

(iv) die Kommissaris te adviseer oor 'n aangeleentheid wat met sodanige kursusse, toetse, verifikasies of persone in verband staan;

*(g)* die aanwysing van 'n liggaam of instelling om vir die doeleindes van hierdie Wet—

(i) beheer uit te oefen oor die lugvaartontspanningsaktiwiteite in die regulasies vermeld;

(ii) standaarde te bepaal vir die lugwaardigheid of die gebruik van lugvaartuie wat aan sodanige aktiwiteite deelneem; en

(iii) die Kommissaris te adviseer oor 'n aangeleentheid wat in verband staan met die lugwaardigheid of die gebruik van lugvaartuie wat aan sodanige aktiwiteite deelneem en oor die lisensiëring van persone wat by sodanige aktiwiteite betrokke is;

*(h)* die aanwysing van 'n liggaam of instelling om vir die doeleindes van hierdie Wet—

(i) lugvaartveiligheid te bevorder of die risiko van lugvaartuigongelukke of -voorvalle te verminder; en

(ii) die Kommissaris te adviseer oor 'n aangeleentheid wat met die bevordering van lugvaartveiligheid of die vermindering van die risiko van lugvaartuigongelukke of -voorvalle in verband staan;

*(i)* behoudens artikel 12, die aanmelding of die ondersoek van lugvaartuigongelukke of -voorvalle, met inbegrip van—

(i) die persone deur wie of by wie sodanige ongelukke of voorvalle aangemeld moet word;

(ii) die prosedure wat by die aanmelding van sodanige ongelukke of voorvalle of by die ondersoek van sodanige ongelukke of voorvalle nagekom moet word;

(iii) die oplegging van 'n verbod, hangende ondersoek, op toegang tot of bemoeiing met 'n lugvaartuig wat in 'n ongeluk of voorval betrokke was en die verlening van magtiging aan een of meer persone om, vir sover dit vir die doeleindes van die ondersoek nodig mag wees, toegang tot sodanige lugvaartuig te hê, sodanige lugvaartuig te ondersoek of te verwyder, stappe vir die behoud daarvan te doen of op 'n ander wyse daarmee te handel; en

(iv) the investigation of any other accident or incident reported in respect of the provision of any air traffic service;

*(j)* the exercising of control over the conveyance in aircraft of dangerous goods specified or defined in the regulations, including—

(i) the imposition of a prohibition of the conveyance of such goods; and

(ii) the issue of licences or certificates to persons specified in the regulations and engaged in the consigning or acceptance of such goods;

*(k)* the requirements to be complied with or the steps to be taken in connection with the conveyance in aircraft of any animal as defined in section 1 of the Animals Protection Act, 1962 (Act No. 71 of 1962), or any fish as defined in section 1 of the Sea Fishery Act, 1988 (Act No. 12 of 1988);

*(l)* the delimitation, the designation or the restriction of airspace, including—

(i) the designation of airspace for the purposes specified in the regulations;

(ii) the restriction or the prohibition of aircraft from flying within any airspace specified in the regulations;

(iii) the conditions under which, the airspace within which or the aerodromes at which aircraft coming from any place outside the Republic shall land and the conditions under which, the airspace within which or the aerodromes from which aircraft shall depart to any place outside the Republic; and

(iv) the provision of measures to prevent aircraft from flying within any airspace in contravention of any such restriction or prohibition or from entering or leaving the Republic in contravention of any provision of this Act;

*(m)* the provision of general operating rules, flight rules and air traffic rules in respect of civil aviation, including—

(i) the terminology, including definitions, abbreviations and units of measurement, to be used;

(ii) the identification, the classification or the registration of aircraft;

(iii) the identification, the licensing or the certification of persons engaged in any civil aviation activity;

(iv) the prevention of nuisances arising from air navigation, aircraft factories, aerodromes or other aircraft establishments, including the prevention of nuisance due to noise or vibration originating from the operation of machinery in aircraft on or above aerodromes, whether by the installation in aircraft or on aerodromes of means for the prevention of such noise or vibration or otherwise;

(v) the approval or, where appropriate, the design of let-down and missed approach procedures;

(vi) the safety or the security of persons and property, including the conditions under which any aircraft shall be operated, the conditions under which any act may be performed in or from an aircraft and the maximum hours of duty of flight crew, cabin crew or air traffic service personnel for the purposes of aviation safety;

(vii) the order in which aircraft may be requisitioned and flight crew may be called out under section 17(1), the carrying out or the co-ordination of any air search and rescue operations and the rate at which compensation is to be paid by the State in respect of any such requisitioning or calling out;

(viii) the signals or other communications which may or shall be conveyed by or to any aircraft, or any person therein, and the acknowledgement of, or the compliance with, such signals or communications;

(ix) the co-ordination of frequency allocations in bands of the radio spectrum allocated for civil aviation use;

(x) the determination of standards for the maintenance of any air navigation infrastructure; and

(iv) die ondersoek van 'n ander ongeluk of voorval wat ten opsigte van die verskaffing van 'n lugverkeersdiens aangemeld word;

*(j)* die uitoefening van beheer oor die vervoer in lugvaartuie van gevaarlike goedere in die regulasies vermeld of omskryf, met inbegrip van—

(i) die oplegging van 'n verbod op die vervoer van sodanige goedere; en

(ii) die uitreiking van lisensies of sertifikate aan persone wat in die regulasies vermeld word en betrokke is by die versending of ontvangs van sodanige goedere;

*(k)* die vereistes wat nagekom moet word of die stappe wat gedoen moet word in verband met die vervoer in lugvaartuie van enige dier soos in artikel 1 van die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet No. 71 van 1962), omskryf of enige vis soos in artikel 1 van die Wet op Seevissery, 1988 (Wet No. 12 van 1988), omskryf;

*(l)* die afbakening, die aanwysing of die beperking van lugruim, met inbegrip van—

(i) die aanwysing van lugruim vir die doeleindes in die regulasies vermeld;

(ii) die beperking of die verbod op lugvaartuie om binne enige lugruim in die regulasies vermeld, te vlieg;

(iii) die voorwaardes waarop, die lugruim waarbinne of die vliegvelde waarop lugvaartuie wat van enige plek buite die Republiek kom, moet land en die voorwaardes waarop, die lugruim waarbinne of die vliegvelde waarvandaan lugvaartuie na enige plek buite die Republiek moet vertrek; en

(iv) die voorsiening van maatreëls om te voorkom dat lugvaartuie in stryd met so 'n beperking of verbod binne enige lugruim vlieg of die Republiek in stryd met 'n bepaling van hierdie Wet binnekom of verlaat;

*(m)* die voorsiening van algemene bedryfsreëls, vliegreëls en lugverkeersreëls ten opsigte van burgerlike lugvaart, met inbegrip van—

(i) die terminologie, met inbegrip van omskrywings, afkortings en maateenhede, wat gebruik moet word;

(ii) die identifikasie, die klassifikasie of die registrasie van lugvaartuie;

(iii) die identifikasie, die lisensiëring of die sertifisering van persone wat by 'n burgerlike lugvaartbedrywigheid betrokke is;

(iv) die voorkoming van stoornisse wat voortspruit uit lugnavigasie, lugvaartuigfabrieke, vliegvelde of ander lugvaartuiginstellings, met inbegrip van die voorkoming van stoornis wat veroorsaak word deur geraas of vibrasie wat ontstaan uit die werking van masjinerie in lugvaartuie op of bokant vliegvelde, hetsy deur die installering in lugvaartuie of op vliegvelde van middele om sodanige geraas of vibrasie te voorkom of andersins;

(v) die goedkeuring of, waar toepaslik, die ontwerp van dalings- en wannaderingsprosedures;

(vi) die veiligheid of die sekerheid van persone en eiendom, met inbegrip van die voorwaardes waarop 'n lugvaartuig gebruik moet word, die voorwaardes waarop 'n handeling in of vanuit 'n lugvaartuig verrig mag word en die maksimum diensure van boordbemanning, kajuitbemanning of lugverkeerdienspersoneel vir die doeleindes van lugvaartveiligheid;

(vii) die volgorde waarin lugvaartuie opgevorder en boordbemanning opgeroep kan word kragtens artikel 17(1), die uitvoering of die koördinering van enige soek- en reddingswerksaamhede vanuit die lug en die tarief waarteen vergoeding deur die Staat betaal moet word ten opsigte van so 'n opvordering of oproep;

(viii) die seine of ander mededelings wat deur of aan 'n lugvaartuig, of 'n persoon daarin, oorgedra kan of moet word en die beantwoording van, of die voldoening aan, sodanige seine of mededelings;

(ix) die koördinering van frekwensietoekennings op bande van die radiospektrum wat vir burgerlike lugvaartgebruik toegeken is;

(x) die bepaling van standaarde vir die onderhoud van 'n lugnavigasie-infrastruktuur; en

(xi) the flight calibration of any such air navigation infrastructure;

*(n)* the use, the licensing, the inspection or the management of aerodromes, including—

(i) the prevention of interference with aerodromes and other civil aviation related facilities;

(ii) the imposition of a prohibition or the regulation of the use of unlicensed aerodromes;

(iii) the approval for the siting of any air navigation infrastructure which is not situate on an aerodrome;

(iv) the certification of categories of operations at aerodromes;

(v) the access to aerodromes or other places where aircraft have landed or the access to civil aircraft factories for the purposes of the inspection of the work carried on therein;

(vi) the imposition of a prohibition or the regulation of the erection or the coming into existence of any obstruction exceeding the height specified in the regulations within the distance so specified from any aerodrome;

(vii) the lighting and marking of obstructions which are situate at any aerodrome or within the distance specified in the regulations from any aerodrome, or which exceed the height so specified, or which, according to criteria so specified, constitute a danger to aircraft;

(viii) the imposition of a prohibition of, or the exercising of control over, lights at or in the neighbourhood of any aerodrome;

(ix) the registers or the records to be kept at licensed aerodromes and the manner in which they shall be kept; and

(x) the technical, operational, security and safety standards in respect of a company airport as defined in section 1 of the Airports Company Act, 1993 (Act No. 44 of 1993);

*(o)* the provision or the organization of air traffic or navigation services, aviation meteorological, security or communication services and any other civil aviation related services, including the licensing or the certification of aircraft design, manufacturing or maintenance organizations and aviation training organizations and the designation of aviation meteorological organizations;

*(p)* the determination of standards or specifications in respect of civil aircraft or aircraft components, persons engaged in any civil aviation activity and civil aviation related services, facilities or equipment, including—

(i) for the purposes of ensuring the safe operation of aircraft, the imposition of a prohibition or the regulation of the use in aircraft or aero engines of parts, instruments, accessories or other materials which do not conform to the specifications or standards of quality or manufacture specified in the regulations;

(ii) the requirements relating to the airworthiness, the design, the performance, the operation or the maintenance of aircraft, aircraft components or aircraft equipment and the specifications for materials used, or the standards or the processes which shall be applied, in the construction of aircraft, aircraft components or aircraft equipment; and

(iii) the determination of standards for the training, the grading, the licensing or the certification of persons engaged in any such activity;

*(q)* the manner in which, or the conditions under which, any licence or certificate required by or under this Act, the Convention or the Transit Agreement shall be issued, renewed or confirmed, including—

(i) the courses, the examinations, the inspections, the tests or the verifications which shall be passed or measured up to; and

(ii) the form, the custody, the production, the cancellation, the suspension, the endorsement or the surrender of any such licence or certificate;

*(r)* the publication of aeronautical information;

(xi) die vlugkalibrering vir so 'n lugnavigasie-infrastruktuur;

*(n)* die gebruik, die lisensiëring, die inspeksie of die bestuur van vliegvelde, met inbegrip van—

(i) die voorkoming van bemoeiing met vliegvelde en ander burgerlike lugvaartverwante fasiliteite;

(ii) die oplegging van 'n verbod op, of die reëling van, die gebruik van ongelisensieerde vliegvelde;

(iii) die goedkeuring vir die aanleg van 'n lugnavigasie-infrastruktuur wat nie op 'n vliegveld geleë is nie;

(iv) die sertifisering van kategorieë werksaamhede op vliegvelde;

(v) die toegang tot vliegvelde of ander plekke waar vliegtuie geland het of die toegang tot burgerlike lugvaartuigfabrieke vir die doeleindes van die inspeksie van die werk wat daarin verrig word;

(vi) die oplegging van 'n verbod op, of die reëling van, die oprigting of die totstandkoming binne die afstand van 'n vliegveld in die regulasies vermeld van 'n versperring wat die aldus vermelde hoogte oorskry;

(vii) die verligting en merk van versperrings wat geleë is by 'n vliegveld of binne die afstand van 'n vliegveld in die regulasies vermeld, of wat die aldus vermelde hoogte oorskry, of wat, volgens aldus vermelde maatstawwe, 'n gevaar vir lugvaartuie uitmaak;

(viii) die oplegging van 'n verbod op, of die uitoefening van beheer oor, ligte op of in die nabyheid van 'n vliegveld;

(ix) die registers of die aantekeninge wat by gelisensieerde vliegvelde gehou moet word en die wyse waarop hulle gehou moet word; en

(x) die tegniese, operasionele, sekuriteits- en veiligheidstandaarde ten opsigte van 'n maatskappylughawe soos in artikel 1 van die Lughawensmaatskappywet, 1993 (Wet No. 44 van 1993), omskryf;

*(o)* die voorsiening of die organisering van lugverkeer- of lugnavigasiedienste, lugvaartweerkundige, lugvaartsekuriteits- of lugvaartkommunikasiedienste en enige ander burgerlike lugvaartverwante dienste, met inbegrip van die lisensiëring of die sertifisering van lugvaartuigontwerp-, lugvaartuigvervaardigings- of lugvaartuigonderhoudsorganisasies en lugvaartopleidingsorganisasies en die aanwysing van lugvaartweerkundige organisasies;

*(p)* die bepaling van standaarde of spesifikasies ten opsigte van burgerlike lugvaartuie of lugvaartuigonderdele, persone wat by 'n burgerlike lugvaartbedrywigheid betrokke is en burgerlike lugvaartverwante dienste, fasiliteite of toerusting, met inbegrip van—

(i) vir die doeleindes van die versekering van die veilige werking van lugvaartuie, die oplegging van 'n verbod op, of die reëling van, die gebruik in lugvaartuie of lugvaartuigmotore van onderdele, instrumente, toebehore of ander materiale wat nie voldoen nie aan die spesifikasies of standaarde van gehalte of vervaardiging in die regulasies vermeld;

(ii) die vereistes betreffende die lugwaardigheid, die ontwerp, die werkverrigting, die werking of die onderhoud van lugvaartuie, lugvaartuigonderdele of lugvaartuigtoerusting en die spesifikasies vir materiale wat gebruik word, of die standaarde of die prosesse wat toegepas moet word, by die vervaardiging van lugvaartuie, lugvaartuigonderdele of lugvaartuigtoerusting; en

(iii) die bepaling van standaarde vir die opleiding, die gradering, die lisensiëring of die sertifisering van persone wat by so 'n bedrywigheid betrokke is;

*(q)* die wyse of die voorwaardes waarop 'n lisensie of sertifikaat wat by of kragtens hierdie Wet, die Konvensie of die Transito-ooreenkoms vereis word, uitgereik, hernu of bekragtig moet word, met inbegrip van—

(i) die kursusse, die eksamens, die inspeksies, die toetse of die verifikasies wat afgelê of waaraan voldoen moet word; en

(ii) die vorm, die bewaring, die toon, die intrekking, die opskorting, die endossering of die teruggawe van so 'n lisensie of sertifikaat;

*(r)* die publikasie van lugvaartinligting;

*(s)* the manuals, the registers, the records or the other documents to be kept for the purposes of this Act, the Convention or the Transit Agreement and the manner in which they shall be kept;

*(t)* subject to subsection (3), the fees to be paid in respect of the matters specified in the regulations;

*(u)* the exemption from any of the provisions of this Act, the Convention or the Transit Agreement of any aircraft operated for experimental purposes, of any other aircraft or of any person in the circumstances or under the conditions specified in the regulations;

*(v)* in general, any matter which the Minister may consider necessary or expedient to prescribe in order that the objects of this Act may be achieved, and the generality of this paragraph shall not be limited by the preceding paragraphs."; and

*(b)* by the deletion of subsection (2).

**Substitution of section 22A of Act 74 of 1962, as inserted by section 3 of Act 1 of 1984 and amended by section 6 of Act 16 of 1992**

**5.** The following section is hereby substituted for section 22A of the Aviation Act, 1962:

**"Technical standards for civil aviation**

**22A.** (1) *(a)* The Commissioner may issue technical standards for civil aviation on such matters as may be prescribed by regulation.

*(b)* The manner in which any technical standard for civil aviation shall be issued, amended or withdrawn, and the procedure to be followed in respect of any such issue, amendment or withdrawal, shall be as prescribed by regulation.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with a provision of a technical standard shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

(3) The Commissioner may incorporate into a technical standard any international aviation standard or any amendment thereof, without stating the text of such standard or amendment, by mere reference to the title, number and year of issue of such standard or amendment or to any other particulars by which such standard or amendment is sufficiently identified.

(4) An officer in the department designated by the Commissioner for that purpose shall keep in his office a copy of the complete text of each international aviation standard or each amendment thereof which has been incorporated into any technical standard in accordance with subsection (3), and shall at the request in writing of any interested person make such copy available free of charge to such person for inspection or for making a copy thereof, at such person's expense, at a place approved by the said officer.

(5) Whenever in any judicial proceedings the question arises whether any writing contains the text of any international aviation standard or any amendment thereof which has been incorporated into any technical standard in accordance with subsection (3), any document purporting to be a statement by a person who in that statement alleges that he is an officer in the department and that a particular writing described in or attached to the statement contains the said text shall, on its mere production at those proceedings by any person, be *prima facie* proof of the facts stated therein.

(6) For the purposes of this section, 'international aviation standard' means any international standard or recommended practice or procedure adopted by the International Civil Aviation Organization for the purposes of Article 37 of the Convention.".

(*s*) die handleidings, die registers, die aantekeninge of die ander stukke wat vir die doeleindes van hierdie Wet, die Konvensie of die Transito-ooreenkoms gehou moet word en die wyse waarop hulle gehou moet word;

(*t*) behoudens subartikel (3), die gelde wat ten opsigte van die aangeleenthede in die regulasies vermeld, betaalbaar is;

(*u*) die vrystelling van enige bepaling van hierdie Wet, die Konvensie of die Transito-ooreenkoms van 'n lugvaartuig wat vir eksperimentele doeleindes gebruik word, van 'n ander lugvaartuig of van 'n persoon onder die omstandighede of op die voorwaardes in die regulasies vermeld;

(*v*) in die algemeen, 'n aangeleentheid wat die Minister nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik, en die algemeenheid van hierdie paragraaf word nie deur die voorafgaande paragrawe beperk nie."; en

(*b*) deur subartikel (2) te skrap.

**Vervanging van artikel 22A van Wet 74 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 1 van 1984 en gewysig deur artikel 6 van Wet 16 van 1992**

**5.** Artikel 22A van die Lugvaartwet, 1962, word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Tegniese standaarde vir burgerlugvaart**

**22A.** (1) (*a*) Die Kommissaris kan tegniese standaarde vir burgerlugvaart uitreik oor die aangeleenthede wat by regulasie voorgeskryf word.

(*b*) Die wyse waarop 'n tegniese standaard vir burgerlugvaart uitgereik, gewysig of ingetrek moet word, en die prosedure wat ten opsigte van so 'n uitreiking, wysiging of intrekking gevolg moet word, is soos by regulasie voorgeskryf.

(2) Iemand wat 'n bepaling van 'n tegniese standaard oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(3) Die Kommissaris kan 'n internasionale lugvaartstandaard of 'n wysiging daarvan, sonder om die teks van so 'n standaard of wysiging te vermeld, by 'n tegniese standaard inlyf by wyse van 'n blote verwysing na die titel, nommer en jaar van uitreiking van so 'n standaard of wysiging of na die ander besonderhede waardeur so 'n standaard of wysiging voldoende geïdentifiseer word.

(4) 'n Beampte in die departement wat die Kommissaris vir dié doel aanwys, moet 'n eksemplaar van die volledige teks van elke internasionale lugvaartstandaard of elke wysiging daarvan wat ooreenkomstig subartikel (3) by 'n tegniese standaard ingelyf is in sy kantoor hou, en so 'n eksemplaar, op skriftelike versoek van 'n belanghebbende persoon, aan so 'n persoon beskikbaar stel ter kostelose insae of vir die maak van 'n afskrif daarvan, op so 'n persoon se koste, by 'n plek wat bedoelde beampte goedkeur.

(5) Wanneer by geregtelike verrigtinge die vraag ontstaan of die een of ander geskrif die teks bevat van 'n internasionale lugvaartstandaard of 'n wysiging daarvan wat ooreenkomstig subartikel (3) by 'n tegniese standaard ingelyf is, word 'n stuk wat 'n verklaring heet te wees van iemand wat in daardie verklaring beweer dat hy 'n beampte in die departement is en dat 'n bepaalde geskrif in die verklaring beskryf of daarby aangeheg bedoelde teks bevat, by blote oorlegging daarvan by daardie verrigtinge deur enigiemand, as *prima facie*-bewys van die feite daarin vermeld, aanvaar.

